

HENDRIK HOFMEYR is in 1957 in Kaapstad gebore. Nadat hy 'n meestersgraad aan die Universiteit van Kaapstad voltooi het, is hy in 1981 Italië toe met 'n oorsese beurs, waar hy gedurende tien jaar van selfopgelede ballingskap Staatsdiplomas in komposisie, klavier en dirigierkuns verwerf het. In 1987 het hy die Suid-Afrikaanse Operakompetisie gewen met *The Fall of the House of Usher*. Na die uitvoering van die werk in die Staatsteater in 1988, is die Nederburg Operaprys aan hom toegeken. In dieselfde jaar het hy eerste prys verower in 'n internasionale kompetisie in Italië, met musiek vir 'n kort film van Wim Wenders. Hofmeyr het in 1991 teruggekeer na Suid-Afrika om te doseer aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1997 het hy twee belangrike internasionale komposisiekompetisies gewen: die Koningin Elizabeth van België (met *Raptus* vir viool en orkes), en die Dimitris Mitropoulos in Athene (met *Byzantium* vir sopraan en orkes). Hy is tans mede-professor aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy in 1999 sy doktorsgraad verwerf het.

intermission • pouse

3. **Trio in d mineur, Opus 49** **F Mendelssohn (1809–1847)**

- I. *Molto allegro ed agitato*
- II. *Andante con moto tranquillo*
- III. *Scherzo: leggiero e vivace*
- IV. *Finale: Allegro assai appassionato*

Die **POTCH TRIO** is in die laat 1980's gestig by die destydse Departement Musiek van die PU vir CHO waar al drie lede werksaam was. Sedertdien bied hulle op 'n jaarlikse basis konserte in Suid-Afrika aan, van die Baxter Konsertsaal in Kaapstad tot die jaarlikse kamermusiekfees in Bloemfontein en die Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom. In 1999 het hulle opgetree by die sewende Palaces of St. Petersburg International Chamber Music-Festival in Rusland, sowel as by die Academy of Arts in Moskou.

Hulle repertorium bestaan uit 'n wye verskeidenheid, van die 18de eeu tot hedendaagse musiek, en hulle was verantwoordelik vir talle eerste Suid-Afrikaanse uitvoerings van werke deur onder andere Arvo Pärt, Paul Schoenfield, Peteris Vasks en Astor Piazzolla. Hulle eerste hoogaangeskrewe CD-opname van die klaviertrios van Babadjanian en Vasks is in 2005 vrygestel.



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Skool vir Musiek & Konservatorium

Rektorskonsert

Potch Trio

Piet Koornhof • viool
Human Coetzee • tjello
Albie van Schalkwyk • klavier

Donderdag 23 Oktober 2008

Konservatoriumsaal

19:30 (7:30nm)

1. **Trio in G majeur, KV548**

- I. *Allegro*
- II. *Andante cantabile*
- III. *Allegro*

WA Mozart (1756–1791)

2. **Trio per violino, violoncello e pianoforte (2008)**

- I. *Passacaglia*
- II. *Tempo di Walzer*
- III. *Adagio meditabondo*
- IV. *Monoritmo*

Hendrik Hofmeyr (*1957)

Die Trio is geskryf in opdrag van Noordwes-Universiteit vir die Potch Trio, en word vanaand vir die eerste keer uitgevoer.

Die eerste beweging is in die vorm van 'n passacaglia. 'n Kort inleiding fokus op die eerste drie note van die passacagliatema, wat 'n chromatiese draaisneller *x* vorm, en as bindende element in al vier bewegings voorkom. Die tema word dan deur die strykers aangekondig, waarna dit in twaalf variasies herhaal word. Die sentrale variasies, 6 en 7, is kanonies, en word deur 'n kort cadenza vir die solo strykers geskei. Die omliggende variasiepare, 4 en 5, en 8 en 9, is op vertikale spieëls gebaseer, terwyl die laaste twee variasies 'n fugale koda vorm.

Die sardoniese wals wat volg begin weer eens met *x*. Die vorm van die beweging is in 'n aangepaste ABACABA, met die laaste

The Trio was commissioned by North-West University for the Potch Trio, and receives its world première tonight.

The first movement is in the form of a passacaglia. A brief introduction focuses on the first three notes of the passacaglia theme, which form a chromatic turn figure *x*, and will recur as unifying element in all four movements. The theme is then announced by the strings, after which it is repeated in twelve variations. The central variations, 6 and 7, are canonic, and are separated by a brief cadenza for the solo strings. The surrounding pairs of variations, 4 and 5, and 6 and 7, are based on vertical mirrors, while the last two variations form a fugal coda.

The sardonic waltz which follows again opens with *x*. The form of the movement is a modified ABACABA, with the last section

deel wat fungeer as 'n koda waarin die temas van A en C gekombineer word.

Die stadige beweging is dubbelsinnig wat vorm betref: dit is in drieledige vorm (ABA) met 'n koda wat amper as tweede B-deel fungeer. Die peinsende openingstema word deur die strykers vierstemmig aangekondig en deur die klavier herhaal, met 'n teenmotief ontleen aan *x*. Die begeleidingsfiguur van die konsolatoriese middeldeel word gekombineer met die openingsidee wanneer laasgenoemde terugkeer. Die klimaks van die tweede A-deel herroep B, wat dan ook die basis vorm van die koda, waar dit verweef word met *x* en die openingsmotief van A.

Die *finale* open weer eens met 'n idee ontleen aan *x*. Die hele beweging berus, soos die titel *Monoritmo* aandui, op die meedoënlose herhaling van 'n enkele ritmiese patroon. Die patroon, wat negentien agstenote behels (2-3-2-3-2-2-3-2), is 'n uitbreiding van 'n twaalf-agstenootpatroon wat in sekere Afrika-musiek voorkom. Die beweging bestaan uit 'n geartikuleerde tweefeldige struktuur (ABAB), wat gevolg word deur die terugkeer van die passacagliatema uit die eerste beweging, gehoor teen onderbroke herhalings van die monoritme. Dit lei tot die laaste deel, wat fungeer as koda tot die beweging en tot die werk as geheel. Hier word die passacagliatema hergiet in die monoritme en versmelt met motiewe uit die A-deel van die *finale*.

acting as a coda in which the themes of A and C are combined.

The slow movement is somewhat ambiguous in form: it is in ternary form (ABA) with a coda which almost acts like a second B section. The meditative first theme is announced by the strings in four parts and then repeated by the piano, with a counter-motive derived from *x*. The accompanying figuration of the consolatory middle section is combined with the opening theme when the latter returns. The climax of the second A section recalls B, which also forms the basis of the coda, where it is interwoven with *x* and the opening motif of A.

The finale again opens with an idea based on *x*. The entire movement is underpinned, as the title *Monoritmo* indicates, by the relentless repetitions of a single rhythmic pattern. The pattern, comprising nineteen quavers (2-3-2-3-2-2-3-2), is an elaboration of a twelve-quaver pattern found in some African music. The movement consists of an articulated binary structure (ABAB), followed by a reprise of the passacaglia theme from the first movement, heard against interrupted statements of the monorhythm. This leads to the final section, which functions as a coda both to the movement and the work as a whole. Here the passacaglia theme is recast in the monorhythm and conflated with motifs from the A section of the finale.